Laer Volkskool Heidelberg
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
Posbus 84, Heidelberg, GP, 1438
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15,
Hoof: strydompiet@mweb.co.za
Heidelberg, GP, 1441
Webblad: www.laervolkskool.co.za

**13 Januarie 2026**

**Beste Volkie ouers**

Baie welkom terug vir 2026. Mag dit 'n jaar wees waar ons hoogtepunte asook laagtepunte as gemeenskap kan hanteer met die beginsel dat God in beheer is van ons skool, leerders, personeel, ouers en gemeenskap. Mag ons 2026 wandel in Sy voetspore en alles sal doen tot eer van Sy koninkryk.

**NUWE PERSONEEL 2026:**
Ons heet die volgende persone welkom by Laer Volkskool:

- Mev. Teresa Bierman as Graad 1 onderwyseres. Sy het ondervinding van 9 jaar as Graad 1 onderwyseres by Alrapark.
- Mev. Rozel Janse van Rensburg as Bemarker, OOV- en ouerskakeling.
- Mnr. Junior Moolman as Onderwys-assistent.

Mag u die tydperk by ons skool ten volle geniet.

**OUERDAG – SATERDAG, 17 JANAURIE 2026:**
Ons nooi al ons ouers uit na ons Ouerdag op Saterdag, 17 Januarie om 09:00 op die rugbyveld. Ons het 'n gasspreker wat met ons ouers kom gesels oor die onderwys en ons almal se verantwoordelikheid teenoor ons leerders en hul opvoeding. Daarna gaan ons in verskillende grade opdeel waar ons gaan gesels oor die jaar se akademiese struktuur.

Alle Graad 1 ouers word ook uitgenooi na 'n lekker kenmekaar in die vorm van 'n bring en braai. Die skool sal pap, sous en vure verskaf. U sal spoedig 'n Google vorm ontvang om u teenwoordigheid te bevestig.

Woon groot asseblief die dag by.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
Die personeel asook administratiewe dames is reeds vanaf Maandag, 12 Januarie by die skool. U is welkom om ons te kontak rakende enige navrae.

Woensdag, 14 Januarie begin Graad 1 tot Graad 7 leerders. Al ons Graad 1 leerders word in die skoolsaal ontvang. Die res van die skool het hul opening vir die jaar op die pawiljoen.

Vrydag, 16 Januarie het ons Graad 1 tot 3 leerders hul Interhuis in skooltyd. Graad 4 tot 7 leerders gebruik die dag om bietjie gees te vang en ons junior leerders lekker aan te moedig. Ons Sosiale leiers is reeds besig om lekker voor te berei vir die sing op die pawiljoen. Omdat ons Graad 4 tot 7 leerders die heeldag op die pawiljoen deurbring, mag hul 11:00 huis toe gaan. Leerders wat nie afgehaal kan word nie, bly by die skool en onder toesig.

Laer Volkskool Heidelberg
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
Posbus 84, Heidelberg, GP, 1438
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15,
Hoof: strydompiet@mweb.co.za
Heidelberg, GP, 1441
Webblad: www.laervolkskool.co.za

Ons Interhuis vir Graad 4 tot 7 vind plaas op Maandag, 19 Januarie by Hoër Volkskool Heidelberg. Die byeenkoms begin om 13:00. Graad 4 tot 7 leerders kom 12:00 uit sodat ons stiptelik om 13:00 kan begin. Graad R tot 3 het 'n gewone skooldag. Hul kom op hul normale tye uit.

**BEAMPTES VIR INTERHUIS:**
Ons benodig asb. die hulp van ouers om op te tree as beamptes vir Maandag, 19 Januarie 2026 se byeenkoms. Kontak mnr. Stiaan van der Hyde so gou as moontlik.

**KOMMUNIKASIE 2026:**
Ons het die kommunikasie struktuur op WhatsApp aangepas om makliker boodskappe na al die ouers uit te stuur.
Die groep (community) "Laer Volkskool Heidelberg" bestaan uit 2 afdelings:
Op **Aankondigings (Announcements)** word inligting uitgestuur wat van belang is vir al die leerders en ouers.
Verskeie **groepe** ontvang onderskeidelik inligting wat op die groep van toepassing is. Groepe sluit die graad-, sport- en kultuurgroepe in. U sal inligting ontvang om aan te sluit by 'n spesifieke groep wat van toepassing op u kind se aktiwiteite is.

**HUISWERKBOEKIE/INLIGTINGSBOEKIE:**
Elke leerder ontvang Woensdag 'n inligtingsboekie/huiswerkboekie waarin u asseblief u inligting volledig moet invul. Die koste daarvan beloop **R30** wat teen die einde van Januarie by die registeronderwyser inbetaal word.

**WAARDES 2026:**
Ons wil regtig weer baie aandag gee aan ons skool se waardes. Waardegedrewe skole en leerders presteer net soveel beter as ander leerders en skole.

Daarom doen ons 'n baie ernstige beroep op al ons ouers om intens betrokke te wees by die skep en uitleef van ons waardes.

Kom ons begin reeds Woensdag om te sorg dat ons leerders nie met snaakse haarstyle by die skool opdaag nie. Volgens ons gedragskode kan leerders wat die reël oortree huis toe gestuur word om dit reg te stel. Kom ons gee vir ons leerders hierdie kompeterende voordeel in hul lewens om ons waardes sterk te vestig.

**ALGEMEEN:**
Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak indien u enige navrae het nie. U is welkom om enige van ons skoolbestuur enige tyd te kontak.

Volkiegroete

**P. STRYDOM**
**SKOOLHOOF**